Nagesiene gekonsolideerde resultate

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

Onafhanklik nagesien ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet.

EXCELLERATE HOLDINGS LIMITED Registrasienommer 1997/009884/06 JSE-kode: EXL ISIN: ZAE000026092 (In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer) ("Excellerate" en "die Groep")

HOOGTEPUNTE

- Inkomste styg met 46,1% tot R792,1 miljoen
- Wins vir die jaar styg met 75,0% tot R40,6 miljoen
- Verdienste per aandeel styg met 48,1% en wesensverdienste per aandeel styg met 60,2%
- Bedryfskontantvloei voor dividende van R39,4 miljoen – 97,0% van winste na belasting
- Verkryging van JHI afgehandel – verblydende prestasie in ooreenstemming met verwagtinge
- Verdere implementering van strategie – Goldenmarc-verkoop
- Hervatting van dividend

VOORLOPIGE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
vir die jaar geëindig 30 Junie

	Nagesien 2011 R'000	Heraangegee 2010 R'000
Voortgesette bedrywighede		
Inkomste	**792 052**	542 129
Koste van verkope	**(541 536)**	(369 836)
Bruto wins	**250 516**	172 293
Bedryfsuitgawes	**(176 883)**	(117 927)
Wins voor rente en belasting	**73 633**	54 366
Finansieringsinkomste	**7 366**	976
Finansieringskoste	**(22 319)**	(7 125)
Wins voor belasting	**58 680**	48 217
Belasting	**(16 540)**	(16 803)
Wins vir die jaar uit voortgesette bedrywighede	**42 140**	31 414
Beëindigde bedrywighede	**(1 560)**	(8 246)
Bedryfswinste/(verliese) vir die jaar na aftrekking van belasting	**1 969**	(7 625)
Verlies met verkoop van sakeondernemings na aftrekking van belasting	**(3 529)**	(621)
Wins vir die jaar	**40 580**	23 168
Ander omvattende inkomste		
Valutaomrekeningsreserwe	**(23)**	–
Wins en totale omvattende inkomste vir die jaar	**40 557**	23 168
Wins vir die jaar toeskryfbaar aan:		
Ekwiteitshouers van die moedermaatskappy	**34 240**	22 964
Nie-beherende belang	**6 340**	204
	40 580	23 168
Totale omvattende inkomste vir die jaar toeskryfbaar aan:		
Ekwiteitshouers van die moedermaatskappy	**34 217**	22 964
Nie-beherende belang	**6 340**	204
	40 557	23 168
Uitgereikte aandele		
Uitgereikte aandele ('000)	**218 706**	217 864
Geweegde gemiddelde ('000)	**218 203**	217 701
Ten volle verwaterde geweegde gemiddelde ('000)	**221 997**	221 016
Totale bedrywighede		
Verdienste per aandeel (sent)	**15,7**	10,6
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**17,3**	10,8
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	**15,4**	10,4
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	**17,0**	10,6
Voortgesette bedrywighede		
Verdienste per aandeel (sent)	**16,4**	14,3
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**16,5**	14,4
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	**16,1**	14,1
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	**16,2**	14,2
Beëindigde bedrywighede		
Verdienste per aandeel (sent)	**(0,7)**	(3,7)
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**0,8**	(3,6)
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	**(0,7)**	(3,7)
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	**0,8**	(3,6)

VOORLOPIGE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE
op 30 Junie

	Nagesien 2011 R'000	Heraangegee 2010 R'000
BATES		
Nie-bedryfsbates		
Eiendom, aanleg en toerusting	**82 103**	74 672
Klandisiewaarde	**202 499**	103 816
Ontasbare bates	**22 789**	6 823
Belegging in geassosieerde maatskappy	**232**	500
Rentedraende ontvangbare rekenings	**3 761**	2 222
Verkoperslenings vir verkoop van sakeondernemings	**29 041**	131
Uitgestelde belasting	**5 859**	6 438
	346 284	194 602
Bedryfsbates		
Voorraad	**50 667**	86 345
Handels- en ander ontvangbare rekenings	**143 428**	136 739
Rentedraende ontvangbare rekenings	**4 660**	2 604
Bates beskikbaar vir verkoop	**15 536**	–
Verkoperslenings vir verkoop van sakeondernemings	**37 163**	4 462
Bedrag verskuldig deur gesamentlike ondernemingsvennote	**7 436**	11 478
Belasting ontvangbaar	**6 560**	8 031
Ander finansiële laste	**–**	79
Kontant en kontantekwivalente	**24 958**	31 188
	290 408	280 926
Totale bates	**636 692**	475 528
EKWITEIT EN LASTE		
Aandelekapitaal	**2 188**	2 179
Aandelepremie	**64 950**	64 939
Valutaomrekeningsreserwe	**(23)**	–
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	**1 298**	1 602
Behoue verdienste	**184 395**	149 851
Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die moedermaatskappy	**252 808**	218 571
Nie-beherende belang	**5 807**	779
Totale ekwiteit	**258 615**	219 350
Nie-bedryfslaste		
Uitgestelde belasting	**8 287**	6 930
Rentedraende skuld	**115 182**	20 897
	123 469	27 827
Bedryfslaste		
Handels- en ander betaalbare rekenings	**194 534**	182 096
Bedrae verskuldig aan gesamentlike ondernemingsvennote	**10 098**	8 868
Bedrae verskuldig ten opsigte van besigheidsamevoegings	**5 586**	7 820
Belasting betaalbaar	**3 900**	16 887
Rentedraende skuld	**40 273**	12 401
Ander finansiële laste	**70**	132
Aandeelhouers vir dividend	**147**	147
	254 608	228 351
Totale ekwiteit en laste	**636 692**	475 528
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**115,6**	100,3
Netto tasbarebate-waarde per aandeel (sent)	**12,6**	51,9
Die volgende aanpassings aan wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers is by die berekening van wesensverdienste in ag geneem:		
Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**34 240**	22 964
– waardedaling van klandisiewaarde	**–**	152
– verlies met verkoop van sakeonderneming	**3 529**	621
– netto verlies/(wins) met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**53**	(331)
– belastinguitwerking van aanpassings	**(15)**	93
Wesensverdienste	**37 807**	23 499

VOORLOPIGE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT
vir die jaar geëindig 30 Junie

	Nagesien 2011 R'000	Heraangegee 2010 R'000
Kontant invloei uit bedryfsaktiwiteite	**38 745**	44 880
Kontant gegenereer deur bedrywighede	**81 076**	68 368
Finansieringsinkomste	**7 460**	2 626
Finansieringskoste	**(22 255)**	(9 260)
Dividende betaal	**(652)**	(6 315)
Belasting betaal	**(26 884)**	(10 539)
Kontant uitvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(140 092)**	(36 935)
Toevoegings tot eiendom, aanleg en toerusting		
– om uit te brei	**(15 976)**	(16 946)
– om in stand te hou	**(9 511)**	(4 629)
Toevoegings tot ontasbare bates – om uit te brei	**(4 520)**	(2 718)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**2 097**	2 282
Verkryging van sakeondernemings, na aftrekking van kontant verkry	**(97 300)**	(14 475)
Opbrengs met verkoop van sakeonderneming, na aftrekking van kontant bestee	**374**	825
Toename in bedrae verskuldig deur gesamentlike ondernemingsvennote	**(1 071)**	(3 936)
Toename/(afname) in bedrae verskuldig deur gesamentlike ondernemingsvennote	**(218)**	6 238
Toename in bedrae verskuldig aan gesamentlike ondernemingsvennote	**1 420**	99
Afname in bedrae verskuldig aan gesamentlike ondernemingsvennote	**(190)**	(3 729)
Lening (verskaf aan)/terugbetaal deur geassosieerde maatskappy	**(15 197)**	54
Kontant invloei uit finansieringsaktiwiteite	**95 117**	1 398
Rentedraende skuld aangegaan	**131 292**	15 031
Rentedraende skuld terugbetaal	**(32 027)**	(10 863)
Aandele teruggekoop	**–**	(10)
Toename in rentedraende ontvangbare rekenings	**(4 168)**	(3 028)
Verkoop van tesourieaandele	**20**	268
Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente	**(6 230)**	9 343
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	**31 188**	21 845
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar	**24 958**	31 188

VOORLOPIGE VERKORTE GROEP SEGMENTELE VERSLAE
vir die jaar geëindig 30 Junie

	Eiendomsdienste R'000	Aankoop en Logistiek R'000	Korporatief R'000	Totaal R'000
2011				
Totale inkomste per rapporteerbare segment	**435 369**	**550 662**	**9 707**	**995 738**
Uitskakeling van intersegmentele inkomste	**(4 911)**	**(42 712)**	**(9 707)**	**(57 330)**
Inkomste uit eksterne klante	**430 458**	**507 950**	**–**	**938 408**
Gesamentlikeonderneming-bestuursgelde nie vir finansiële rapporteringsdoeleindes ingesluit nie			**1 738**	**1 738**
	430 458	**507 950**	**1 738**	**940 146**
Beëindigde bedrywighede	**(5 726)**	**(142 368)**		**(148 094)**
Gekonsolideerde inkomste – voortgesette bedrywighede	**424 732**	**365 582**	**1 738**	**792 052**
Wins/(verlies) voor rente en belasting uit voortgesette bedrywighede	**51 247**	**34 061**	**(11 675)**	**73 633**
Beëindigde bedrywighede	**(2 638)**	**(242)**		**(2 880)**
Wins/(verlies) voor rente en belasting vir totale bedrywighede	**48 609**	**33 819**	**(11 675)**	**70 753**
Depresiasie-onkoste	**8 076**	**7 876**	**164**	**16 116**
Amortisasie-onkoste	**713**	**1 029**	**552**	**2 294**
Finansieringsinkomste	**6 367**	**2 508**	**3 466**	**12 341**
Finansieringskoste	**(12 266)**	**(4 995)**	**(9 654)**	**(26 915)**
Netto finansieringsinkomste/(koste)	**(5 899)**	**(2 487)**	**(6 188)**	**(14 574)**
Wins/(verlies) voor belasting uit voortgesette bedrywighede	**45 374**	**31 170**	**(17 864)**	**58 680**
Beëindigde bedrywighede	**(2 664)**	**163**		**(2 501)**
Wins/(verlies) voor belasting uit totale bedrywighede	**42 710**	**31 333**	**(17 864)**	**56 179**
Segmentbates	**401 919**	**277 412**	**(42 639)**	**636 692**
Segmentlaste	**(235 297)**	**(57 668)**	**(85 112)**	**(378 077)**
Segmentekwiteit	**(166 622)**	**(219 744)**	**127 751**	**(258 615)**
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**45 047**	**7 435**	**(13 737)**	**38 745**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(105 535)**	**(18 340)**	**(16 217)**	**(140 092)**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**61 105**	**15 169**	**18 843**	**95 117**
2010				
Totale inkomste per rapporteerbare segment	234 114	505 672	9 926	749 712
Uitskakeling van intersegmentele inkomste	(480)	(39 510)	(9 926)	(49 916)
Inkomste uit eksterne klante	233 634	466 162	–	699 796
Gesamentlikeonderneming-bestuursgelde nie vir finansiële rapporteringsdoeleindes ingesluit nie			1 036	1 036
	233 634	466 162	1 036	700 832
Beëindigde bedrywighede	(14 643)	(144 060)		(158 703)
Gekonsolideerde inkomste – voortgesette bedrywighede	218 991	322 102	1 036	542 129
Wins/(verlies) voor rente en belasting uit voortgesette bedrywighede	23 028	36 776	(5 438)	54 366
Beëindigde bedrywighede	–	(8 615)		(8 615)
Wins/(verlies) voor rente en belasting vir totale bedrywighede	23 028	28 161	(5 438)	45 751
Depresiasie-onkoste	7 530	7 152	255	14 937
Amortisasie-onkoste	100	102	1 036	1 238
Finansieringsinkomste	2 225	2 593	5 352	10 170
Finansieringskoste	(4 271)	(4 677)	(8 350)	(17 298)
Netto finansieringsinkomste/(koste)	(2 046)	(2 084)	(2 998)	(7 128)
Wins/(verlies) voor belasting uit voortgesette bedrywighede	26 396	30 257	(8 436)	48 217
Beëindigde bedrywighede	(5 528)	(3 579)		(9 107)
Wins/(verlies) voor belasting uit totale bedrywighede	20 868	26 678	(8 436)	39 110
Segmentbates	279 701	318 588	(122 761)	475 528
Segmentlaste	(142 583)	(120 855)	7 260	(256 178)
Segmentekwiteit	(137 118)	(197 733)	115 501	(219 350)
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	24 841	39 826	(19 787)	44 880
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(8 277)	(18 622)	(10 036)	(36 935)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	(9 084)	(11 643)	22 125	1 398

		2011 R'000	2010 R'000
1	**Finansieringsinkomste**		
	Totale finansieringsinkomste per rapporteerbare segment	**12 341**	10 170
	Uitskakeling van intersegmentfinansieringsinkomste	**(4 507)**	(7 571)
	Gekonsolideerde finansieringsinkomste	**7 834**	2 599
	Min: beëindigde bedrywighede	**(468)**	(1 623)
	Gekonsolideerde finansieringsinkomste uit voortgesette bedrywighede	**7 366**	976
2	**Finansieringskoste**		
	Totale finansieringskoste per rapporteerbare segment	**(26 915)**	(17 298)
	Uitskakeling van intersegmentfinansieringskoste	**(4 507)**	(7 571)
	Gekonsolideerde finansieringskoste	**(22 408)**	(9 727)
	Min: beëindigde bedrywighede	**89**	2 602
	Gekonsolideerde finansieringskoste uit voortgesette bedrywighede	**(22 319)**	(7 125)

BEDUIDENDE VERDIENSTEGROEI GERUGSTEUN DEUR STERK BEDRYFSKONTANTPRESTASIE

Excellerate hervat dividende

Oorsig van die jaar
Die direksie van Excellerate rapporteer met genoeë 'n sterk prestasie deur die Groep vir die jaar geëindig 30 Junie 2011, wat aansienlike groei en volgehoue winsgewendheid gesteun deur 'n sterk bedryfskontantvloeiprestasie weerspieël. In die lig van hierdie prestasie en die Groep se voortgesette sterk kontantvloei het die direksie die betaling van dividende hervat en 'n dividend van 4 sent per aandeel verklaar.

Hoewel die voortgesette stadige herstel van die Suid-Afrikaanse ekonomie die prestasie van sommige van die onderliggende bedrywighede in die Groep geraak het, het bestuur voortgegaan om op die toevoeging van gehalte-inkomste, die stroomlyning en rasionalisering van bestaande bedrywighede, en aggressiewe bedryfskapitaalbestuur te fokus ten einde gesonde bedryfswinste en sterk kontantvloeigenerering te behaal.

In ooreenstemming met die implementering van sy verklaarde strategie het die Groep sy bedrywighede formeel tot 'n Eiendomsdienste-segment en 'n Aankoop-en-Logistieksegment geherstruktureer. Die verkryging van 'n meerderheidsaandelebesit in die toonaangewende eiendomsdienstegroep JHI (met ingang van 1 Oktober 2010) was 'n deurslaggewende stap in hierdie proses, tesame met die verkoop van die algemene handelsware- en handelsonderneming Goldenmarc (met ingang van 30 Junie 2011). Die Groep sal voortgaan om die verenigbaarheid van bestaande bates met sy strategiese doelstellings te assesseer, en sal voortgaan om verdere waardeverhogende verkrygings in die Eiendomsdienste-segment en die Aankoop-en-Logistieksegment na te streef.

Die Groep bly operasioneel en finansieel gesond en is goed geposisioneer om sy prestasie in die komende jaar te verbeter.

Finansiële oorsig
Groepinkomste vir die jaar uit voortgesette bedrywighede het met 46,1% tot R792,1 miljoen (2010: R542,1 miljoen) gestyg. Die styging was toeskryfbaar aan die insluiting van inkomste uit JHI sowel as organiese groei in ander sake-eenhede. Wins voor rente en belasting vir voortgesette bedrywighede het met 35,3% tot R73,6 miljoen (2010: R54,4 miljoen) toegeneem. Netto finansieringskoste het met R8,8 miljoen tot R15,0 miljoen gestyg, hoofsaaklik as gevolg van finansieringskoste met betrekking tot die verkryging van JHI. Die kombinasie van die bogenoemde het tot 'n styging in bedryfswins voor belasting toeskryfbaar aan voortgesette bedrywighede van 21,8% tot R58,7 miljoen (2010: R48,2 miljoen) aanleiding gegee. Netto kontantfinansieringskoste het ook met R8,2 miljoen tot R14,8 miljoen (2010: R6,6 miljoen) toegeneem. Nieteenstaande die hoër finansieringskoste handhaaf die Groep 'n rentedekking van 4,9 keer (2010: 8,8 keer) en 'n kontantrentedekking van 5,5 keer (2010: 10,4), wat toon dat die Groep die vermoë het om verdere skuld aan te gaan om verkrygings te befonds.

Beëindigde bedrywighede het 'n netto nabelastingverlies van R1,6 miljoen (2010: R8,3 miljoen) bygedra.

Verdienste per aandeel het met 48,1% tot 15,7 sent (2010: 10,6 sent) toegeneem. Verwaterde verdienste per aandeel het met 48,1% tot 15,4 sent (2010: 10,4 sent) toegeneem.

Wesensverdienste per aandeel het met 60,2% sent tot 17,3 sent (2010: 10,8 sent) toegeneem. Verwaterde wesensverdienste per aandeel het met 60,4% tot 17,0 sent (2010: 10,6 sent) toegeneem.

Kontantgenerering was weer eens 'n hoogtepunt van die Groep se resultate, met kontant gegenereer deur bedrywighede in die sake-eenhede wat met 18,6% tot R81,1 miljoen (2010: R68,4 miljoen) toegeneem het.

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite na netto finansieringskoste en belasting betaal maar voor dividende betaal het met 23,1% tot R39,4 miljoen (2010: R51,2 miljoen) gedaal, wat 'n styging in netto kontantfinansieringskoste van R8,2 miljoen, en 'n styging in kontantbelasting betaal van R16,3 miljoen insluit.

Gedurende die jaar het die kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite R140,1 miljoen (2010: R36,9 miljoen) bedra. Die groot komponente van hierdie belegging het die verkryging van JHI van R90,7 miljoen, netto lenings voorgeskiet aan geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemingsvennote van R15,3 miljoen, verkoper-vir-verkryging-betalings van R6,0 miljoen ten opsigte van Vital Distribution, Vital Fleet en Staffing Logistics, en netto kapitaalbesteding om bedrywighede in stand te hou en uit te brei van R27,9 miljoen ingesluit.

Rentedraende skuld van R131,3 miljoen is aangegaan, hoofsaaklik om die verkryging van JHI en ander kapitaalbesteding te befonds. Na inagneming van rentedraendeskuld-terugbetalings van R32,0 miljoen, 'n styging in rentedraende ontvangbare rekenings van R4,2 miljoen sowel as ander nominale kontantvloeie uit finansieringsaktiwiteite, het kontant en kontantekwivalente met R6,2 miljoen tot R25,0 miljoen (2010: R31,2 miljoen) gedaal.

Excellerate se staat van finansiële posisie bly gesond, met matige hefboomfinansiering. Totale bates het met 33,9% tot R636,7 miljoen (2010: R475,5 miljoen) gestyg en rentedraende skuld het met R122,2 miljoen tot R155,5 miljoen (2010: R33,3 miljoen) gestyg. Soos op 30 Junie 2011, het die JHI Groep van maatskappye R80,8 miljoen se rentedraende skuld gedra, waarvoor die res van die maatskappye in die Excellerate Groep geen sekuriteit of finansiele bystand verskaf het nie.

Bedryfsoorsig
Die Groep het sy bedrywighede formeel in 'n Eiendomsdienste-segment en 'n Aankoop-en-Logistieksegment geherstruktureer.

Eiendomsdienstesegment, insluitende JHI, Interpark, Sterikleen, Levingers, Chattels
Die segmentele inkomste vir die jaar het met 93,9% tot R424,7 miljoen (2010: R219,0 miljoen) toegeneem, wat hoofsaaklik die insluiting van resultate uit JHI met ingang van 1 Oktober 2010, sowel as 'n bestendige inkomsteprestasie uit ander sake-eenhede in hierdie segment, weerspieël.

Wins voor belasting vir die afdeling het met 72,0% tot R45,4 miljoen (2010: R26,4 miljoen) toegeneem, wat ook hier die insluiting van resultate uit JHI, tesame met 'n bestendige prestasie uit die ander segmentele sake-eenhede, weerspieël.

Verliese voor belasting uit beëindigde bedrywighede in hierdie segment het R2,7 miljoen (2010: R5,5 miljoen) bedra en het in die huidige jaar as gevolg van die verkoop van Delawood ontstaan.

Kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite in die Eiendomsdienstesegment het met 80,4% tot R45,1 miljoen (2010: R25,0 miljoen) toegeneem.

Aankoop-en-Logistieksegment, insluitende Vital Distribution Solutions, Vital Fleet, Staffing Logistics, Nu-Africa Comm Trading, Foodserv Solutions, Ferrengi, en Excellerate Commodities
Die segmentele inkomste vir die jaar het met 13,5% tot R365,6 miljoen (2010: R322,1 miljoen) toegeneem, wat positief is met inagneming van die stadige pas van ekonomiese herstel gedurende die verslagtydperk.

Ten spyte van die inkomstegroei wat ondervind is, het wins voor belasting in hierdie segment slegs met 3,0% tot R31,2 miljoen (2010: R30,3 miljoen) toegeneem, as gevolg van slegter bedryfsmarges onder moeilike handels omstandighede.

Kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite in die Aankoop-en-Logistieksegment het met 81,4% tot R7,4 miljoen (2010: R39,7 miljoen) gedaal, en reflekteer hoofsaaklik 'n verlaging in Goldenmarc se handelskrediteure voor die verkoop van Goldenmarc, tesame met bedryfskapitaal investering wat geassosieer word met die groei in bedrywighede by Vital Distribution Solutions.

Verkrygings en vervreemdings
Gedurende die jaar het die Groep die verkryging van 60% van Gensec Property Services Beperk, handeldrywende as JHI, afgehandel. Die bepalings van hierdie transaksie is in 'n SENS-aankondiging gedateer 19 Augustus 2010 uiteengesit. Die bestuur van JHI het die oorblywende 40%-aandelebesit verkry. Alle uitstaande opskortende voorwaardes vir die transaksie is op 14 September 2010 nagekom. Die finansiële resultate vir JHI is met ingang van 1 Oktober 2010 met Groepresultate gekonsolideer. Dit is aangenaam om te meld dat JHI se bedryfsresultate met voorverkrygingsverwagtinge gestrook het.

Voorbelastingtransaksiekoste wat met die implementering van die JHI-transaksie aangegaan is, het R0,7 miljoen bedra en is gedurende die huidige verslagtydperk as onkoste gehanteer.

Goldenmarc
Die Groep het sy totale belang in sy Algemene Handelsware- en Handelsakeonderneming, wat onder die name "Goldenmarc", "Louis Smiedt" en "Hypertrade" sake gedoen het, verkoop. Die vernaamste bepalings van hierdie transaksie is in twee SENS-aankondigings gedateer 9 Junie 2011 en 6 Julie 2011 uiteengesit.

Delawood
Die Groep het die verkoop van 50% van sy belegging in Delawood Designs (Edms) Beperk afgehandel. Die verlies met verkoop het R1,5 miljoen bedra. Die effektiewe datum van die verkoop was 24 November 2010.

Vooruitsigte
Excellerate verwag om die onderliggende sake-eenhede in Eiendomsdienste en in Aankoop-en-Logistiekdienste te versterk en sal voortgaan om 'n kultuur van organiese verdienstegroei en kontantgenerering te dryf. Gegewe sy beskikbare hefboomfinansieringsvermoë sal die Groep voortgaan om sinergistiese, waardeverhogende verkrygings in hierdie segmente na te streef en hy sal voortgaan om die verenigbaarheid van bestaande bates met sy strategiese doelstellings te assesseer.

Veranderings aan die direksie
In ooreenstemming met die Groep se mikpunt om die direksiesamestelling soos deur die hersiene Kingverslag oor Korporatiewe Bestuur (King III) aanbeveel, te behaal, is mnr Nicholas Christodoulou met ingang van 13 April 2011 as onafhanklike voorsitter vir die Excellerate-direksie aangestel. Mnr Christodoulou is ook as 'n lid van die Oudit- en Risikokomitee en as 'n lid van die Vergoedingskomitee aangestel.

Dividend
Na die implementering van die JHI-transaksie en die vereffening van ander uitstaande verkopersverbintenisse het die Excellerate-direksie die hervatting van die betaling van 'n jaarlikse dividend goedgekeur.

Die direksie het dienooreenkomstig 'n finale dividend van 4 sent per aandeel verklaar.

Laaste dag vir verhandeling en om te kwalifiseer vir en te deel in die finale dividend (met dividend)	Vrydag, 28 Oktober 2011
Verhandeling sonder dividend neem 'n aanvang	Maandag, 31 Oktober 2011
Rekorddatum	Vrydag, 4 November 2011
Dividendbetaaldatum	Maandag, 7 November 2011

Aandeelsertifikate mag nie gedematerialiseer of gerematerialiseer word tussen Maandag, 31 Oktober 2011 and Vrydag, 4 November 2011 nie.

AANTEKENINGE BY DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

OPSTELLINGSGRONDSLAG
Hierdie voorlopige verkorte gekonsolideerde finansiële resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 is in ooreenstemming met die erkennings- en metingskriteria van IFRS, die RE 500-standaarde soos deur die Rekeningkundigepraktyke-raad uitgereik, die aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes van IAS 34 – Tussentydse Finansiële Rapportering, die Noteringsvereistes van JSE Beperk, en op die wyse wat deur die Suid-Afrikaanse Maatskappywet 71 van 2008 vereis word, opgestel.

Die voorlopige verkorte gekonsolideerde finansiële resultate word in rand, tot die naaste duisend (R'000) afgerond, aangebied.

Die rekeningkundige beleid wat by die aanbieding van die voorlopige finansiële resultate toegepas word, stem ooreen met dié wat vir die jaar geëindig 30 Junie 2010 toegepas is, met die uitsondering van die aanname van nuwe en gewysigde standaarde en vertolkings, in reaksie op veranderings aan IFRS, wat effektief geword het deur die jaar.

Die aanname van die nuwe en gewysigde standaarde en vertolkings het geen wesenlike uitwerking op die Groep se resultate gehad nie.

Heraangewing van vergelykende inligting
Verkoperslenings vir die verkoop van sakeondernemings wat in die vorige jaar in die belegging in assosiate ingesluit is, is geherklassifiseer en word nou in verkoperslenings vir verkoop van sakeondernemings ingesluit.

SAKEONDERNEMINGSKOMBINASIES

	JHI	Individueel immateriële verkrygings	Totaal
BATES			
Klandisiewaarde en ontasbare bates	43 091	–	43 091
Beleggings	386	–	386
Eiendom, aanleg en toerusting	5 264	395	5 659
Uitgesteldebelasting-bates	83	158	241
Handels- en ander ontvangbare rekenings	22 312	3 313	25 625
Verskuldig deur groepmaatskappye	173	–	173
Kontantsaldo's	9 482	299	9 781
LASTE			
Uitgesteldebelasting-aanspreeklikhede	–	22	22
Rentedraende laste	(2 289)	(1 706)	(3 995)
Handels- en ander betaalbare rekenings en voorsienings	(30 678)	(2 988)	(33 666)
Lopendebelasting-aanspreeklikhede	(1 775)	(194)	(1 969)
Verkrygdes se billikewaarde-bedrag by verkryging	46 049	(701)	45 348
Min: Nie-beherende belang	(20 912)	1 572	(19 340)
Billike waarde van netto bates verkry	25 137	871	26 008
Klandisiewaarde en ontasbare bates by verkryging ontstaan	75 039	3 648	78 687
Totale koopteenprestasie	100 176	4 519	104 695
Min: Kontant verkry	(9 482)	(299)	(9 781)
Toegerekende rente op verkrygings	–	153	153
Beweging in bedrae verskuldig aan verkopers	–	2 233	2 233
Totaal	90 694	6 606	97 300
Impak van verkrygings op die Groep se resultate			
Vanaf die verkrygingsdatums het die verkreë sakeondernemings die volgende bygedra:			
– Inkomste	214 462	8 786	223 248
– Toeskryfbare wins	7 006	1 405	8 411
Indien alle verkrygings vanaf 1 Julie 2010 gekonsolideer was, sou die inkomstestaat die volgende ingesluit het:			
– Inkomste	281 184	10 443	291 627
– Toeskryfbare wins	9 185	1 783	10 968

VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES
Die Groep het in die gewone gang van sake, en soortgelyk aan verlede jaar, verskillende verkoops- en kooptransaksies op 'n armlengtegrondslag teen markkoerse met verwante partye aangegaan.

ONAFHANKLIKE NASIENING
Die voorlopige verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie op 30 Junie 2011 en die verwante verkorte gekonsolideerde staat van omvattende inkomste, staat van veranderings in ekwiteit en kontantvloeistaat vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, is deur die Groep se ouditeure, KPMG Geïnk., nagesien. Hulle ongewysigde nasienverslag is by Excellerate se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

OPSTELLER VAN FINANSIËLE STATE
Hierdie verkorte gekonsolideerde finansiële state is deur mnr G Nash GR(SA) onder toesig van mnr J Wellsted GR(SA) opgestel.

GEBEURTENISSE NA DIE VERSLAGDATUM
Na die jaareinde het die Groep 'n ooreenkoms aangegaan om sy 44,1%-belegging in Excellerate Commodities (Edms) Beperk met ingang van 1 Julie 2011 te verkoop. Ingevolge hierdie ooreenkoms, en na terugbetalings van voorskotte deur die Groep aan Excellerate Commodities, verwag die Groep om 'n bedrag van ongeveer R1,9 miljoen meer as die drawaarde van hierdie belegging te ontvang. Alle opskortende voorwaardes vir hierdie ooreenkoms is op 7 September 2011 nagekom.

Soos by die jaareinde is die belegging as 'n bate beskikbaar vir verkoop geopenbaar.

Namens die direksie

Gordon Hulley *(HUB)* **Nicholas Christodoulou** *(Voorsitter)*

Sandton

28 September 2011

VOORLOPIGE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Aandelekapitaal R'000	Aandelepremie R'000	Aandelegebaseerde betalingsreserwe R'000	Valuta omrekeningsreserwe	Behoue verdienste R'000	Toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van moedermaatskappy R'000	Nie-beherende belang R'000	Totaal R'000
Saldo op 30 Junie 2009	2 173	64 687	1 733		133 929	202 522	985	203 507
Totale omvattende inkomste vir die jaar								
Wins vir die jaar					22 964	22 964	204	23 168
Transaksie met eienaars, direk in ekwiteit opgeteken								
Beweging in aandeelgebaseerde betalingsreserwe			(131)		131	–		–
Verkoop van tesourieaandele	6	262				268		268
Terugkoop van aandele	*	(10)				(10)		(10)
Terugkoop van nie-beherende belang van filiaal					(828)	(828)	(372)	(1 200)
Dividende betaal					(6 345)	(6 345)	(38)	(6 383)
Saldo op 30 Junie 2010	**2 179**	**64 939**	**1 602**		**149 851**	**218 571**	**779**	**219 350**
Totale omvattende inkomste vir die jaar				**(23)**	**34 240**	**34 217**	**6 340**	**40 557**
Wins vir die jaar					**34 240**	**34 240**	**6 340**	**40 580**
Valutaomrekeningsreserwe				**(23)**		**(23)**		**(23)**
Transaksie met eienaars, direk in ekwiteit opgeteken								
Nie-beherende belang verkry							**912**	**912**
Nie-beherende belang teruggekoop							**(1 572)**	**(1 572)**
Beweging in aandeelgebaseerde betalingsreserwe			**(304)**		**304**	**–**		**–**
Verkoop van tesourieaandele	**9**	**11**				**20**		**20**
Dividende betaal						**–**	**(652)**	**(652)**
Saldo op 30 Junie 2011	**2 188**	**64 950**	**1 298**	**(23)**	**184 395**	**252 808**	**5 807**	**258 615**

* Minder as R500

DIREKTEURE

Gordon Hulley	Hoof Uitvoerende Beampte
Athol Stewart	Uitvoerende Direkteur
James Wellsted	Uitvoerende Direkteur
Rudi Stumpf	Nie-uitvoerende Direkteur
Clive Howell	Nie-uitvoerende Direkteur (plaasvervanger vir Graham Davel)
Graham Davel	Nie-uitvoerende Direkteur
Michael Mohohlo	Nie-uitvoerende Direkteur, onafhanklik
Arnold Meyer	Nie-uitvoerende Direkteur, onafhanklik
Nicholas Christodoulou	Nie-uitvoerende Direkteur, onafhanklik (13 April 2011 aangestel)

AANDELEOORDRAGSEKRETARIS
Computershare Investor Services (Eiendoms) Beperk
Marshallstraat 70
Johannesburg, 2001
Posbus 61051, Marshalltown, 2107
Tel: (+27 11) 370 5000
Faks: (+27 11) 688 7721

GEREGISTREERDE KANTOOR
1ste Verdieping
Atholl Square
Hoek van Katherinestraat en Wierdaweg-Oos
Sandown, 2196
Posbus 785448, Sandton, 2146
Tel: (+27 11) 523 2980
Faks: (+27 11) 523 2990
E-pos: info@excellerate.co.za

MAATSKAPPYSEKRETARIS
ER Goodman Secretarial Services BK
(verteenwoordig deur E Goodman)
2de Verdieping, Palm Grove, Grove City
Louis Bothalaan 196
Houghton
Tel: (+27 11) 728 0742
Faks: (+27 11) 728 4226
E-pos: ergoodmn@netactive.co.za

OUDITEURE
KPMG Geïnk.

BORG
One Capital

BANKE
Nedbank Beperk
Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk
FirstRand Bank Beperk

MAATSKAPPYREGISTRASIENOMMER
Registrasienommer 1997/009884/06
JSE-kode: EXL
ISIN: ZAE000026092

SEKTOR
Sikliese Dienste-sektor
Onder subsektor: Besigheidsteundienste

Webwerf: www.excellerate.co.za

ince.motiv